Noord-Gauteng Stoei

Gauteng North Wrestling

# Broodnodige Inligting oor BULLETJIES vanaf April!

**Hoe werk dit?**

**Wie doen wat?**

**Wat kan ek verwag?**

**Wie en wanneer betaal ek?**

**Wie mag deelneem – vereistes?**

## Wat is Bulletjies Stoei?

- Bulletjies is 'n informele geleentheid vir alle beginner-stoeiers om een keer per maand teen ander onervare kinders stoeiervaring buite die Klub op te doen.
- Dis lekker voorbereiding vir "ware" stoeitoernooie wat later voorlê.
- Elke klub se afrigters kan hier sien hoe hulle stoeiers vorder en hoeveel van die stoeigrepe wat hulle geleer word by hulle klubs, toegepas word in informele wedstryd situasies.
- Gekwalifiseerde skeidregters en skeidsregters-in-opleiding beheer die wedstryde met die hulp van afrigters.
- Afrigters en Ouers help ook om help om die stoeiers te organiseer en in te deel.

## Wie mag deelneem aan Bulletjies?

- Net beginner-stoeiers wat 18 maande en minder stoei vanaf 0/5 tot 0/13 jaar, dws gebore in 2014 tot 2006 en wat nog nie "ware" stoeitoernooie begin stoei het nie.
- Alle stoeiers wat by Bulletjies wil stoei, moet op die Suid Afrikaanse Stoei Federasie se eMMS-stelsel geregistreer wees en hulle kan net inskryf vir enige Bulletjie toernooi op hierdie stelsel.

- **Hierdie voorafgaande vereisde is nie toegepas met die eerste twee Bulletjies van die jaar nie, om sodoende almal genoeg tyd te gee om wel te registreer. Vanaf April geld dit nou.**

- Beginner-stoeiers geregistreer as "School Wrestler" mag bv. slegs aan Bulletjie toernooie en die Bulletjie Kampioenskap deelneem en nie aan formele "ware" toernooie nie.
- Die Klub waarby die nuwe stoeiertjie Stoei, moet die stoeier op die eMMS stelsel registreer. Daarvoor benodig die Klub ingevulde vorms, foto en geboortesertifikate ens. van die ouers.

- Om bv. as Skole-Stoeier te registreer kos net R 100.00 per jaar by NGS!! Daar is gewoonlik ook Klubgooie wat bykom wat wissel van klub tot klub.

## Hoe registreer ek my kind as 'n stoeier?

- Elke stoeier moet die volgende dokumentasie inhandig by die Klub:

  - Vrywaringsvorm;
  - Anti-doping vorm;
  - Afskrif van sy/haar geboortesertifikaat of ID;
  - Foto – kop en skouers.

- Indien enige van bogenoemde dokumentasie uitstaande is, kan die stoeier nie geregistreer word nie en mag die stoeier ook nie inskryf vir 'n Bulletjie toernooie vanaf April 2019 nie!

## Wat is die SA Stoei Federasie se eTMS en eMMS?

**(Internetgebaseerde lededatabasis en Stoei Operasionele sisteem.)**

- **eMMS = Electronic Member Management System:**

Almal wat stoei moet hierop geregistreer word voordat jy enigsins mag deelneem aan enige stoei. Registrasie hou vir 'n jaar. Daar is kostes aan verbonde.

- **eTMS = Electronic Tournament Management System:**

Almal wat by 'n spesifieke toernooi soos bv. 'n Bulletjiesaand gaan stoei, moet vooraf hierop ingeskryf word. Dit geld net vir daardie toernooi. Die spesifieke toernooikostes is aan inskrywing verbonde soos die R 70.00 vir deelname aan Bulletjies per stoeier.

## Hoe skryf ek my kind in vir 'n Bulletjie toernooi?

- Jou Klub moet op die ouer se versoek die stoeier op eTMS inskryf vir elke Bulletjies nadat die Klub reeds vantevore jou kind registreer het.
- Ongelukkig mag vanaf April 2019 tot einde van die jaar, geen stoeier meer toegelaat word om aan Bulletjies deel te neem as hulle nie geregistreer is nie.
- 'n Stoeier kan wel nog daardie aand by Bulletjies INSKRYF vir daardie Bulletjies as hy reeds geregistreer is.
- Maar mens kan nie by Bulletjies op eMMS REGISTREER nie. Dit vat lank en moet ruim voor die tyd by die Klub gedoen word!

## Wat kos dit? Waar betaal ek?

- Die Inskrywingsgeld is steeds R70 per stoeier om 1 Bulletjies te stoei.

**Vanaf April 2019 verander die betalings as volg:**

- Die ouers betaal die Klub na afloop van die Bulletjies. Die Klub betaal weer Noord Gauteng sodra die Klub die faktuur van NGS kry die week net na die Bulletjies.
- NIEMAND betaal meer kontant by die saal verder hierdie jaar nie. Kontant is gevaarlik in ons land!

## Mag 'n stoeier nog inskryf as die ouers / klub vergeet het om 'n stoeier in te skryf, of op die nippertjie besluit is om te gaan stoei?

- Indien die stoeier op eMMS geregistreer is, kan sy/hy by die saal op eTMS ingeskryf word sodra hy/sy aanmeld.
- Indien nog nie geregistreer op eMMS nie, mag hy/sy ongelukkig nie deelneem nie.

## Wanneer mag 'n stoeier nie meer aan Bulletjies deelneem nie?

- Indien die Organiseerder of die Hoof van die Skeidsregters by die Bulletjies so besluit.
- Wanneer die klub se afrigters bepaal dat die stoeier te ervare of sterk raak.
- Na 12 tot 18 maande se stoei by die klub is die stoeier tipies te ervare, maar in sekere gevalle sommer al na 6 maande!

**ONTHOU DIE DOEL: DIS WAAROM NIE ALMAL MAG AANHOU DEELNEEM NIE!**

- ✓ Om te verseker dat alle beginners die Bulletjies sinvol vind, kalm en rustig aan kompetsie blootgestel word en selfs die ervaring geniet en selfvertroue opbou.
- ✓ Verder om beserings te voorkom met te ongelyke wedstryde.
- ✓ En om die meer ervare stoeiers aan te moedig om aan formele toernooie te begin deelneem en dan as gewone stoeiers te registreer.
- ✓ Slegs 'n migrasiefooi moet betaal word as 'n skole-stoeier migreer na 'n volwaardige stoeier in dieselfde jaar..

## Wat gebeur op die aand van die Bulletjie toernooi?

- Sodra die stoeiertjie by die saal opdaag, moet hy/sy saam met die ouers na die tafel met die rekenaars gaan om aan te meld. Dit moet lank voor 18:00 gedoen word – wees reeds reg om 17:30!
- NGS druk vooraf 'n lys van elke klub se inskrywings uit vanuit die eTMS toernooisisteem.
- By aanmelding, merk ons die kind se naam af op die lys as hy/sy reeds ingeskryf is, of skryf die stoeiertjie in vir daardie aand se Bulletjies indien hy nie vooraf ingeskryf is nie, maar wys daar ook ongelukkig diegene weg wat nog nie op eMMS geregistreer is nie.
- By hierdie aanmeldtafel kry die ingeskrewe stoeiertjie dan 'n Bulletjie stempel op sy/haar een hand asook die Matnommer waarop hy/sy gaan stoei volgens sy/haar ouderdomsgroep op die ander hand.

- Sodoende kontroleer ons die registrasie, inskrywing en ouderdom van elke stoeier en maak seker dat elkeen op die regte mat volgens die ouderdom stoei.
- Om 18:00 roep die Organiseerder Oom Fanie stoeiers bymekaar op Mat 2 waar almal verwelkom word en 'n paar stoeireëls verduidelik word.
- Stoeiers word dan na die onderskeie matte gestuur volgens die Matnommerstempel op elkeen se hand.
- Daar moet hulle van klein na groot ry maak en word hulle verdeel in twee groepe wat links en regs van die mat gaan sit en teen mekaar gaan Stoei. Elkeen kry met 'n swart merker 'n nommer op sy hand. (Bv: A1, A2, B1, B2)
- As daar 'n stoeier aankom wat nie 'n Bulletjie of Matnommer stempel het nie, sal hy/sy na die rekenaar personeel verwys word om vas te stel of die stoeier al geregistreer is. Indien wel, sal hy daar en dan ingeskryf word en stempels kry en kan hy/sy dan deelneem. Indien nie geregistreer nie, kan hy/sy ongelukkig nie deelneem nie.
- Sonder 'n Bulletjiestempel op die een hand en 'n Matnommerstempel op die ander hand, sal niemand toegelaat om op die mat te gaan nie en te stoei of deel te neem nie.
- Sodra almal aangemeld is en ons gaan begin, ontrek die Hoofadmin alle inskrywings op eTMS wat nie opgedaag het nie.
- Hierdie proses verseker dat NGS die Klubs net vir diegene wat wel opgedaag het faktureer en dat Klubs en ouers nie aangeslaan word vir stoeiers wat nie opgedaag het nie nadat hulle wel ingeskryf was nie.

## Wat verdien die stoeiers met Bulletjiedeelname?

- Daar is 4 verskillende Bulletjie medaljes met verskillende vorms wat uitgegee word. Beginnerstoeiers word aangemoedig om ten minste 4 Bulletjie toernooie deur die jaar te doen en al 4 medaljes te versamel om op 'n skild te monteer wat te koop is by die NGS Winkel.



- Op die skild is daar ook plek vir die groter medalje wat gekry kan word in Oktober by die Bulletjie Kampioenskap.
- Indien 'n stoeier dubbel medaljes het oor 'n 2 jaar tydperk en van die medaljes kort, kan dit omgeruil word sodat u al 4 het.

## Handige hulp om jou kind as 'n stoeier te registreer by die Klub:

Elke stoeier moet die volgende dokumentasie inhandig by die Klubverteenwoordiger wat daarmee werk:

- Vrywaringsvorm: Kan hier afgelaai word by http://wrestling.org.za.etms
- Anti-doping vorm: Kan afgelaai word by http://wrestling.org.za.etms
- Afskrif van sy/haar geboortesertifikaat of ID;
- Foto – kop en skouers.

Indien enige van bogenoemde dokumentasie uitstaande is, kan die stoeier nie geregistreer word nie en kan die stoeier ongelukkig ook nie inskryf vir 'n Bulletjie toernooi nie.

**Navrae / Kontakpersone / Amptenary in beheer:**

| | | |
|---|---|---|
| Organiseerder: | Prof Fanie Vermaak | Sel: 082 786 3377 |
| Hoofskeidsregter: | Gerhard Coetzer | Sel: 083 633 2094 |
| Hoofadmin: | Caren Bode | Sel: 072 244 1740 |
| NGS Winkel: | Laurika de Villiers | Sel: 083 441 4038 |

